Laerskool Stellenbosch

Beleid oor rook, dwelms en alkohol

1. ROOK

1.1 Geen volwassene mag binne in die skoolgebou rook nie.

1.2 Opvoeders mag nie voor leerders rook nie.

1.3 Opvoeders mag nie in skoolvoertuie rook nie.

1.4 Leerders mag geen sigarette, vuurhoutjies, tabak of aanstekers in hul besit hê nie.

1.5 Leerders mag nie op die skoolterrein of op kampe, skooltoere rook nie.

1.6 Leerders mag nie in skooluniform rook nie.

1.7 Opvoeders wat reëls oortree, sal aan progressiewe dissipline onderwerp word.

1.8 Leerders wat reëls oortree, sal aan gedragskode onderwerp word.

1.9 Die vak Lewensoriëntering moet gebruik word om die gevaar van rook by leerders tuis te bring.

2. DWELMS

2.1 Geen dwelms mag deur volwassenes, opvoeders, werkers of leerders op die skoolterrein, uitstappies, kampe of toere gebruik word nie.

2.2 Geen dwelms mag in ‘n volwassenes, opvoeders, werkers of leerders se besit op die skoolterrein, uitstappies, kampe of toere wees nie.

2.3 Opvoeders, volwassenes mag nie opkikkers, stimuleerders aan leerders gee of voorskryf nie.

2.4 Slegs uitgesoekte/geskikte opvoeders mag medisyne aan leerders voorsien.

2.5 Opvoeders wat reëls oortree, sal aan progressiewe dissipline onderwerp word.

2.6 Leerders wat reëls oortree, sal aan gedragskode onderwerp word.

2.7 Die vak Lewensoriëntering moet gebruik word om die gevaar van dwelms by leerders tuis te bring.

3. ALKOHOL

3.1 Geen leerder mag alkohol in hul besit hê op die skoolterrein, uitstappies, toere en kampe nie.

3.2 Geen leerder mag alkohol gebruik op die skoolterrein, uitstappies, toere en kampe nie.

3.3 Opvoeders, werkers en volwassenes mag nie alkohol gebruik tydens normale skoolure en voor leerders nie.

3.4 Opvoeders, werkers en volwassenes wat in beheer is van leerders op uitstappies, toere en kampe mag nie alkohol gebruik as hulle op diens is nie.

3.5 Opvoeders wat reëls oortree, sal aan progressiewe dissipline onderwerp word.

3.6 Leerders wat reëls oortree, sal aan gedragskode onderwerp word.

3.7 Die vak Lewensoriëntering moet gebruik word om die gevaar van alkohol by leerders tuis te bring.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF